

14 Oktober

Skrifgedeelte: Filippense 2:1-13
Fokusgedeelte: Filippense 2:3, 4

Geen selfsug of eersug nie – maar nederigheid en selfverloëning

In die gemeente van Filippi was daar onenigheid. Paulus skryf dus hierdie brief om hulle tot eensgesindheid op te roep. Dit kan alleen verkry word as die lidmate niks uit selfsug of eersug doen nie. Selfsug en eersug is soos die twee jakkalse wat Simson stert aan stert vasgebind het, met brandende fakkels daartussen, om 'n wêreld van onenigheid aan die brand te steek. In so 'n wêreld is daar geen plek vir nederigheid nie!

Maar die gemeente word ook opgeroep tot selfverloëning. Selfverloëning vra dat ons nie net aan ons eie belange moet dink nie, maar ook aan dié van ander. Ja, selfverloëning vra dat ek eers die balk uit my oog moet uithaal, voordat ek die splinter in my medemens se oog raaksien (Matt 7:3-5).

Om dit te kan doen, moet ons – deur die krag van die Heilige Gees – die gesindheid van ons Here Jesus openbaar. In nederigheid en selfverloëning het Hy die heerlijkheid van die hemel prysgegee om na 'n vervloekte wêreld te kom! Om 'n nederige dienskneggestalte in die krip van Betlehem aan te neem en om aan 'n kruishout die vloek van God oor ons sondes te dra!

Die aangrypende vraag is dus: Is daar dieselfde gesindheid in ons wat daar ook in Christus Jesus was (vs 5)?

Sing: Psalm 138:3

Dr. CJ Malan (Emeritus)